# BLOU BULLE RUGBY-UNIE
# BLUE BULLS RUGBY UNION

## BLOU BULLE RUGBY UNIE
## GEDRAGSKODE VIR RUGBY AFRIGTERS

1. VOORWOORD:

Soos alle sport, lewer rugby 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van 'n rugbyspeler. Hier word die speler geestelik, fisies en emosioneel ontwikkel as 'n speler.

Daarom is dit baie belangrik om standaarde daar te stel en te onderhou veral van die gedrag van afrigters by afrigting. Sleutel faktore soos verantwoordelikheid, bevoegdheid, menswaardigheid verskaf die kern waardes van afrigting.

2. INLEIDING:

Die Gedragskode is spesifiek geskryf vir rugby afrigters in die Blou Bulle Rugby Unie. Alhoewel, meeste van die gedragskode is ook van toepassing op ander rolspelers wat betrokke is by spel van rugby. Daarom, alle amptenare en bestuurslede moet bewus wees van die gedragskode.

Wanneer die afrigters die dokument ontvang en deurgelees het moet hy/sy die verklaring onderteken en dit by die skool se hoof of die klub bestuurder inhandig vir veilige bewaring. Alle rugby afrigters is kontraktueel verbind as dit onderteken is om by die Gedragskode vir Rugby Afrigters te hou.

Die Gedragskode word deur die BBRU uitgegee om afrigters by te staan, leiding te gee en sy afrigters, lede, skole en klubs aan te moedig om die beste resultate te kry in die spel van rugby.

Afrigters, klubs en skole moet egter op hulle eie ook verantwoording doen waar nodig.

Die BBRU kan nie verantwoording doen vir skade, verliese en beserings as gevolg van nalatigheid van enige afrigter, klub of skool in die BBRU nie.

3. Alle afrigters:

3.1. Moet verseker dat die spel rugby op 'n georganiseerde en gedissiplineerde manier gespeel word en nie net alleen op die verantwoordelikheid van die wedstryd beamptes geplaas word nie.

Loftus Versfeld Kirknessstraat/Street Sunnyside Pretoria 0002
Telefoon/Telephone Kantoor/Office: (012) 420-0707/8 Pretoria
Faks/Fax: 086 649 1297 / (012) 344-2966
Posbus/P.O. Box 27856, Sunnyside 0132
BTW NO / VAT NO: 417 012 4871

**PRESIDENT: W STRAUSS**
**GM: BBRU: MR. J. DAMES**

3.2. Sal saamwerk en verseker dat die gees van die Reëls van Rugby nagekom word met die kies van spelers wat hulle skuldig maak aan vuil en ongeoorloofde spel.

3.3. Sal help om die goeie reputasie van die spel te promoveer en alle moontlike stappe doen wat die spel in 'n swak lig stel te ontbloot.

3.4. Sal niks doen wat die spel rugby, SA Rugby, BBRU of enige aandeelhouer sal negatief affekteer.

3.5. Moet in die beste belang van die BBRU optree en ook die BBRU bystaan om die nodige mikpunte te bereik wat die kredietwaardigheid en integriteit bevorder.

3.6. Sal nie enige negatiewe publisiteit in die media plaas wat die BBRU of die Afrigters Vereniging in 'n negatiewe lig sal plaas nie.

4. AFRIGTINGS PRAKTYK:

4.1. Instruksie en afrigting:

4.1.1. Al fokus en beskryf afrigting handleidings die werksfunksie van afrigting en instruksie, bly die kern om te fokus op waardes wat fokus op die korrekte en menswaardige manier van afrigting en instruksie.

In die vervolg word die woord "afrigter" in die gedragskode verwys na alle afrigter/s, onderwysers, hulp-afrigter/s en enige ander helpers wat aktief betrokke is met die dissipline wat beheer en bestuur word deur die Blou Bulle Rugby Unie. Die woord afrigter sluit ook enige ander persoon wat betrokke is by die spel van rugby afrigting.

4.1.2. Die doel van die gedragskode is om standaarde daar te stel vir afrigters en te behou asook om lede in te lig en te beskerm wanneer van sy/haar dienste gebruik gemaak word.

Etiese standaarde bestaan uit waardes soos integriteit, verantwoordbaarheid, bevoegdheid en betroubaarheid. Afrigters wat lid is van die Blou Bulle Afrigters Vereniging en BBRU word geag om die gedragskode na te kom, respekteer en alle reëls te gehoorsaam soos uiteengesit in die gedragskode.

4.1.3. Die kode skep 'n raamwerk waarin afrigters wat afrig gehoor gee. Die gedragskode is geskryf as riglyne en nie as opdragte nie.

Alhoewel, indien van die reëls van die gedragskode verbreek word en klagtes ontstaan hieruit vanaf die BBRU of BBRAV, maak nie saak watter struktuur geraak is nie. Die struktuur sal bepaal watter dissiplinêre stappe geneem sal word teen die persoon wat die gedragskode oortree.

4.2 Integriteit:

Afrigters moet hulle weerhou om in die publiek mede afrigters, skeidsregters, assistent skeidsregters, wedstryd beampte of toeskouer sleg te sê of negatiewe kritiek toe te snou. Verskille in opinies moet persoonlik hanteer word en baie ernstige dispute moet deur die skool/klub of die BBRU hanteer word om so gou as moontlik die geskil op te los.

4.3 Verantwoordelikheid:

Rugby afrigting is 'n vrye keuse wat deur die afrigter geneem is om af te rig. Hy/sy moet verantwoording doen vir alle optrede en kommunikasie van sy/haar kant. Die afrigter is verantwoordelik om die gedragskode na te kom.

4.4 Menswaardigheid:

4.4.1 Die afrigter moet die regte, waardigheid en elke mens se reg tot selfbeskikking respekteer. Afrigters moet almal gelykwaardig hanteer word binne die konteks van sy/haar aktiwiteit, ongeag die persoon se geslag, etniese afkoms, kleur, geloofsoortuiging, fisiese, geestelike of politieke oortuigings.

4.4.2 Afrigters moet erken dat vuilspel of enige ander vorm van geweld, maak nie saak of dit sonder of met bedoelings was, nie verdra sal word nie en dat die tipe oortreding 'n strafbare oortreding kan wees.

4.4.3 Afrigters moet openlik enige vuilspel of geweld afkeur en ontmoedig op en van die veld af.

4.4.4 Afrigters moet die kultuur, etos en gees waarin die spel plaasvind aanmoedig en toesien dat dit nagekom word in alle aspekte van die spel.

4.4.5 Sal nie gil, skree of 'n bespotting maak van 'n speler as hy/sy 'n fout maak of swak presteer nie.

4.4.6 Afrigters moet seker maak dat alle spelers dieselfde opdragte, ondersteuning en wedstryd tyd kry.

4.5 Verhoudings:

4.5.1 ʼn Goeie afrigter sal primêr besorg wees oor die welstand, gesondheid en toekoms van die individuele speler en slegs sekondêr oor die speler se prestasie.

4.5.2 Die sleutelfaktor in ʼn afrigter-speler verhouding is die ontwikkeling van die onafhanklikheid van ʼn individuele speler.

4.5.3 Spelers moet aangemoedig word om hulle eie verantwoordelikheid te vat vir sy eie gedrag, prestasie in oefeninge, wedstryde en sosiale lewe.

4.5.4 Die verhouding tussen die afrigter en speler hang baie af van wedersydse vertroue en respek tussen mekaar.

4.5.5 Hiermee bedoel, die speler moet bewus gemaak word van die afrigter se kwalifikasie, ondervinding en prestasie en hierdeur sal die speler kan besluit of die afrigter wel in staat is om te kan presteer in oefeninge en wedstryde.

4.5.6 Afrigters moet spelers aanmoedig en toesien dat hulle nie die Reëls van Rugby oortree nie. Moedig spelers aan om binne die positiewe gees van rugby te oefen en speel.

4.5.7 Afrigters moet ʼn kompromie met die spelers maak deur maatstawwe te stel dat hulle nie sal voordeel soek of kry deur onwettig optrede of aksies sal doen nie.

4.5.8 Afrigters mag onder geen omstandighede spelers aanmoedig om voorgeskrewe dwelms of verbande substante gebruik om prestasie te verbeter nie.

4.5.9 Afrigters moet opponente, mede-afrigter, toeskouers en wedstrydbeamptes met wedersydse respek hanteer, maak nie saak of ʼn wedstryd gewen of verloor is nie. Afrigters moet ook toesien dat sy spelers dieselfde doen as wat op hom van toepassing is.

4.6 Vertroulikheid:

4.6.1 Afrigters begin later baie persoonlike inligting kry van sy spelers in die tyd wat hy/sy met hulle werk. Afrigters en spelers moet ʼn kompromie bereik tussen mekaar deur elkeen se persoonlike privaatheid te respekteer en nie daaroor met ander partye sal praat nie, behalwe as die persoon sy toestemming gegee het.

4.6.2 Vertroulikheid belet ook die bekendmaking van inligting aan persone wat iets wil weet van spelers, wat relevant is tot die volgende:
- Die evaluering van ʼn speler vir mededingende seleksie doeleindes.
- uitoefening van dissiplinêre stappe teen spelers.

• uitoefening van dissiplinêre optrede deur die BBRU van mede-afrigter/s in oortredings van die Gedragskode.

4.6.3 Misbruik van voorreg:
'n Afrigter moet nie probeer om ongeoorloofde invloed oor die spelers se prestasie uit te oefen om persoonlike voordeel of beloning te kry hieruit nie.

4.7 Persoonlike standaarde:

4.7.1 Die afrigter moet konsekwent optree en hoë persoonlike standaarde stel en 'n gunstige beeld projekteer van die spel en afrigting teenoor ander spelers, afrigters, beamptes, toeskouers, die media en die algemene publiek.

4.7.2 Persoonlike voorkoms is 'n kwessie van individuele smaak, maar die afrigter het 'n verpligting om 'n beeld van gesondheid, skoonheid en funksionele doeltreffendheid te projekteer.

4.7.3 Afrigters mag nie alkohol drink voor afrigting wat hulle oordeel kan aantas en die reuk van alkohol nog steeds in hul asem is wanneer hy/sy met spelers werk.

4.7.4 Terwyl spelers teenwoordig is, moet die gebruik van alkohol vermy word. Wanneer die geleentheid 'n sosiale een is, met spelers teenwoordig, moet die gebruik matig wees.

4.7.5 As persone wat verantwoordelik is vir die welstand van die spelers, veral die wat werk met minderjarige spelers, is dit onvanpas om te rook in hul teenwoordigheid of op enige wyse wat strydig is met jou posisie van verantwoordelikheid teenoor hulle.

4.7.6 Afrigters is in 'n posisie van vertroue en word dus verwag om die hoogste standaarde van gedrag te handhaaf terwyl hy/sy in die teenwoordigheid van spelers en toeskouers is.

4.8 Veiligheid:

4.8.1 Afrigters het 'n verantwoordelikheid om die veiligheid van spelers met wie hulle werk, so ver as moontlik binne die perke van hul beheer te verseker.

4.8.2 Alle afrigters moet ge"Boksmart" wees en 'n Boksmart nommer hê. Alle afrigters moet toesien wanneer sy Boksmart datum verval te herlisensieer.

4.8.3 *Afrigters wat kinders (6 – 18 jaar) en vroue afrig moet die volgende klarings sertifikate hê:*
4.8.3.1 *'Safeguarding awareness' sertifikaat*
4.8.3.2 *'n Polisieklaringsertifikaat vir kriminele oortredings*
4.8.3.3 *Kinder beskermings klaringsertifikaat*

4.8.3.4 *Seksuele oortredings klaringsertifikaat*
*(4.8.3.2 en 4.8.3.3 volgens die "National Child Protection & Sex Offenders Register – Section 126 of South Africa Children's Act 38 of 2005")*

4.8.4 *Die vorms moet by die afrigter se profiel by Bullscoaching opgelaai word.*

4.8.5 Alle redelike stappe moet geneem word om 'n veilige oefen/speel omgewing te vestig.

4.8.6 Die werk wat gedoen is en die wyse waarop dit gedoen word, moet hou by die goedgekeurde praktyk in die spel.

4.8.7 Die aktiwiteit wat gedoen word, moet geskik wees vir die ouderdom, ervaring en vermoë van die spelers.

4.8.8 Spelers moet stelselmatig voorberei word vir die aktiwiteit wat gedoen gaan word en bewus gemaak word van hul persoonlike verantwoordelikhede in terme van veiligheid.

4.8.9 Kommunikeer en werk saam met geregistreerde mediese praktisyns in die diagnose, behandeling en bestuur van die speler se mediese en sielkundige probleme.

4.8.10 Oorweeg die spelers se toekomstige gesondheid en welstand as voorvereiste wanneer besluite geneem word ten opsigte van 'n beseerde speler se vermoë om te speel of oefening voort te sit.

4.9 Kwessies oor bevoegdheid:

4.9.1 Afrigters sal hulself nie beperk deur gereeld opleiding te ontvang in die gebied van afrigting wat deur die BBRU erken word.

Kundigheid is dit wat direk betrokke is by rugby afrigting. Opleiding sluit in die versameling van kennis en vaardighede deur middel van beide die formele afrigter kursusse en ervaring moet op 'n vlak van bevoegdheid aanvaarbaar wees vir afrigting praktyk.

4.9.2 Alle afrigters moet by die Blou Bulle Afrigters Vereniging registreer en moet jaarliks sy persoonlike inligting opdateer voor die seisoen begin.

4.9.3 Om af te rig in die BBRU streek, moet 'n afrigter 'n minimum World Rugby Vlak 1 sertifikaat hê en moet ook 'n geldige Boksmart akkreditasie hê.

4.9.4 Alle afrigters moet die Gedragskode onderteken.

4.9.5 Om die volgende spanne af te rig moet 'n afrigter 'n World Rugby Vlak 2 en Boksmart akkreditasie hê:
- 4.9.5.1 o/16 en senior skool spanne;
- 4.9.5.2 Junior spanne en senior spanne by klubs;
- 4.9.5.3 Koshuis liga spanne by akademiese tersiêre instansies.

4.9.6 Om enige provinsiale span/ne af te rig by die BBRU moet 'n afrigter 'n minimum World Rugby Vlak 2 en Boksmart akkreditasie hê asook 'n voorspeler en/of 'n agterspeler afrigting sertifikaat.

4.9.7 Ou SARU/SAFU Vlakke van afrigting sal nie meer vanaf Januarie 2016 erken word nie.

4.9.8 Afrigters moet gereeld maniere soek om hul professionele ontwikkeling en self-bewustheid te bevorder en verbeter.

4.9.9 Afrigters moet die evaluering van hulle werk verwelkom deur kollegas en verantwoording kan doen aan spelers, klubs, skole en die BBRU en kollegas vir hul optrede.

4.9.10 Afrigters het 'n verantwoordelikheid om hulself en hul spelers op hul eie doeltreffendheid en vermoëns in stand te hou, en om te weet wanneer hul persoonlike hulpbronne so uitgeput is en dit vir hulle nodig is om hulp te soek en/of te onttrek van afrigting tydelik of permanent.

4.10 Goeie praktyk:

4.10.1 Afrigters is verantwoordelik vir die opstel en monitering van die grense tussen 'n werk- en vriendskap verhouding met hul spelers. Dit is veral belangrik wanneer die afrigter en die spelers van die teenoorgestelde geslag is en/of wanneer die spelers minderjarig is.

4.10.2 Die afrigter moet besef dat sekere vriendelike optrede verkeerd vertolk kan word, nie net deur die speler nie, maar deur buitestaanders gemotiveer deur jaloesie, afkeur of wantroue en kan lei tot bewerings van seksuele wangedrag of onbehoorlike optrede.

4.10.3 Die afrigter van die minderjarige spelers tree op in "loco parentis", en in 'n mate, sy / haar plig van sorg is meer beswarend as dié van 'n afrigter van 'n volwasse span.

4.10.4 Die afrigter sal by geleenthede vereis word om saam met spelers te reis en te bly in die loop van jou/haar tyd as afrigter. By sulke geleenthede, verseker van aparte slaapgeriewe vir beamptes en spelers.

4.10.5 Waar die span saamgestel is uit beide geslagte, moet daar 'n manlike en vroulike persoon teenwoordig wees.

4.10.6 Die afrigter moet nooit alleen in 'n kamer of soortgelyk met 'n speler wees nie. Waar dit onvermydelik is, laat die deur oop en binne hoorafstand van ander persone

4.10.7 Onvanpaste fisiese kontak is nie raadsaam nie, behalwe vir die nodige manipulasie van ledemate vir oefening of wedstryde.

4.10.8 Fisiese kontak vir die toets vir mediese doeleindes moet in die openbaar gedoen word. Enige onsekerheid van 'n mediese aard moet deurgegee word aan 'n gekwalifiseerde mediese persoon.

4.10.9 Fisiese kontak met minderjarige spelers is onwettig.

4.10.10 'n Afrigter moet nie alleen saam met minderjarige spelers in hulle kamers/kleedkamers wees nie. Waar moontlik, moet daar altyd twee of meer volwassenes in die kamer/kleedkamer wees.

4.10.11 Die gebruik van dwelms, alkohol en tabak moet beslis ontmoedig word en is teenstrydig met 'n gesondheids-benadering tot die speel van die spel.

4.10.12 Afrigters moet bewus wees van die onwettigheid van dwelms en moet spelers verbied om dwelms of ander verbode prestasie-verbetering stowwe te gebruik.

4.11 Sleutel faktore:

4.11.1 Indien u inligting het wat lei dat 'n ernstige oortreding van hierdie gedragskode plaasgevind het, moet die saak onder die aandag van die betrokke beheerliggaam, of dit nou die skool, klub of BBRU gebring word. Geen verdere aksie mag deur jou geneem word en geen inligting aan ander persone wat betrokke is verskaf nie.

4.11.2 Indien jy bewyse het van 'n onwettige aktiwiteit wat direk verband hou met die spel, is jy verplig om die skool / klub en die BBRU van daardie feit in kennis te stel.

4.11.3 Afrigters moet oordeel en nie deelneem aan enige aktiwiteite, insluitend maar nie beperk tot enige van die volgende:

- 4.11.3.1 Onwettige aksies of optrede;
- 4.11.3.2 Wedstryd knoeiery;
- 4.11.3.3 Die verskaffing van enige inligting aan beroepswedders oor wedstryd-, speler verwante aktiwiteite waar jy betrokke is/was.

4.11.4 Jy nie die saak met persone bespreek behalwe met die uitdruklike toestemming van die ondersoekbeampte of owerhede.

4.11.5 Jy word versoek om al die hulp te gee aan die toepaslike komitee van die skool / klub / BBRU in die ondersoek van die saak by te staan en om te help waar jy kan om die saak te help oplos.

4.11.6 Afrigters moet positiewe spel rugby bevorder te alle tye, en verhoed dat hy die spel in oneer bring.

5. BLOU BULLE AFRIGTERS VERENIGING SE OPDRAG IS:

   5.1. Om te verseker dat elkeen van sy lede voldoen aan die Gedragskode.
   5.2. Prosedures na te kom, te monitor en sanksies vir oortredings daar te stel vir die afrigters onder sy jurisdiksie indien die afrigters die Gedragskode oortree.

6. Verwysings:
   6.1. RSA – *Suid Afrika Grondwet; 1996.*
   6.2. IRB – *Regulation 20: Misconduct and Code of Conduct.*
   6.3. SA Rugby – *Code of Conduct SARU; August 2013.*
   6.4. Boksmart – *Boksmart Code of Conduct 2012.*
   6.5. SASCOC – *Regulation 12: SASCOC Code of Conduct*

**<u>BAIE BELANGRIK:</u>**

**Alle skole / klubs wat geaffilieer is by die Blou Bulle Rugby-unie word verwag om al hul lede en amptenare te voorsien van afskrifte van hierdie Gedragskode. Skole / Klubs / Afrigters / Amptenare wat ʼn oortreding van hierdie Gedragskode begaan, sal verwag word om 'n verduideliking aan die Blou Bulle Rugby-unie te gee, waar moontlike toepaslik dissiplinêre stappe geneem kan word.**

# BLOU BULLE RUGBY-UNIE
# BLUE BULLS RUGBY UNION

## BLOU BULLE RUGBY UNIE
### Afrigters Gedragskode
### Verklaring van voorneme:

Ek ______________________________________________ (Afrigter naam en

van) van ________________________________________ (Skool/Klub se naam), **erken dat ek 'n afskrif van die gedragskode ontvang het. Ek erken ook dat ek die dokument gelees en verklaar hiermee my voorneme om te voldoen aan die Blou Bulle Rugby Unie se Afrigters gedragskode, ander dokumente en of beleid.**

Handtekening: _________________________ Datum: ___________________
Afrigter

Handtekening: _________________________ Datum: ____________________
(Klub Bestuurder / Skoolhoof)

**Alle afrigters of hulp afrigters moet 'n afskrif van die gedragskode ontvang en aandagtig deur lees en die dokument onderteken op hierdie bladsy. Dit moet aan die rugby-organiseerder / klub bestuurder oorhandig word vir bewaring. Skole en klubs moet alle verklarings op rekord in die skool / klub hou.**

SKOOL/KLUB STEMPEL

Loftus Versfeld Kirknessstraat/Street Sunnyside Pretoria 0002
Telefoon/Telephone Kantoor/Office: (012) 420-0707/8 Pretoria
Faks/Fax: 086 649 1297 / (012) 344-2966
Posbus/P.O. Box 27856, Sunnyside 0132
BTW NO / VAT NO: 417 012 4871

**PRESIDENT: W STRAUSS**
**GM: BBRU: MR. J. DAMES**